DIE JORDAANTJIE

Nuusbrief van Primêre Skool Jordania

30/2024 20 September 2024

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KANTOOR

1. Skool sluit 20 September om 10:00
2. Kultuuraand – 9 Oktober
3. Jordania Gholfdag
4. Super 8 Hokkie
5. Toere en toernooie die vakansie
6. Hokkie ligawenners
7. Krieketliga
8. Kleredrag
9. Buite aktiwiteite
10. Personeelverjaardae
11. Skoolfonds vir 2024

2024 SKOOLKWARTALE

4de: 1 Oktober – 11 Desember

UIT DIE KANTOOR

Hierdie tyd van die jaar en veral na so 'n besige kwartaal is dit partykeer moeilik om tot rus te kom. Jy voel die hele tyd of daar nog iets is wat gedoen moet word. Johan Smit, bekende prediker en motiveringspreker, het eenkeer gesê dat die grootste "siekte" van ons tyd gejaagdheid is. Ons jaag van die een plek na die ander. Alles moet vinnig gebeur en ons word ongeduldig as dit nie so is nie. Hy noem gejaagdheid 'n siekte van die hart. Ons as mens kry dit nie reg om tot rus te kom nie. Party mense dink selfs 'n mens moet die hele tyd besig wees (of ten minste besig lyk), want dit wys dat jy in beheer is. Party mense dink ook om te rus is verkeerd en is 'n teken van swakheid. Om egter soms te rus is net so belangrik as om te jaag om dinge gedoen te kry. Dit is 'n kuns om intensioneel te rus en net partykeer niks te doen nie. Dit is nie net goed vir jou liggaam nie, maar veral vir jou siel en gedagtegang. Dit help juis om na die rustyd weer genoeg energie te hê om belangrike sake aan te pak en af te handel. Hiermee wil ek aan elkeen 'n welverdiende rustyd toewens tydens die vakansie. Maak regtig tyd om te rus en vergeet van elke dag se uitdagings en probleme. Weereens baie dankie vir al die moeite wat elkeen gedoen het tot voordeel van ons skool en ons kinders. Dit was 'n baie besige, gejaagde kwartaal, maar absoluut die moeite werd. Indien u ry, ry veilig. Mooi loop.

> ***"There is virtue in work and there is virtue in rest. Use both and overlook neither."***
> Alan Cohen

1. Skool sluit Vrydag, 20 September om 10:00

Neem asb. kennis dat die skool Vrydag, 20 September om 10:00 sluit vir die vakansie. **Die skool open weer op Dinsdag, 1 Oktober om 07:30 vir alle leerders van Graad R-7.**

2. Kultuuraand – 9 Oktober 2024

Ons jaarlikse kultuuraand vind op Woensdag, 9 Oktober in die skoolsaal plaas. Tydens hierdie aand tree baie van ons talentvolle leerders en ons kore op wat tydens die Eisteddfodd uitstekend gevaar het. Kaartjies sal eerdaags by die kantoor beskikbaar wees. Moet dit nie misloop nie! (sien advertensie onderaan).

3. Jordania Gholfdag – 11 Oktober

Ons jaarlikse gholfdag vind op 11 Oktober by die Bethlehem Gholfbaan plaas. Alle belangstellendes wat daardie dag as borg, donateur of speler betrokke wil raak kan vir Janine Helmand by 082 774 9300 kontak. (sien advertensie langsaan)

Afrikaanse woord van die week:

Skaterlag: *Om luidkeels of uitbundig te lag.*

Kontak ons:

Van Riebeeckstraat, Jordania
Posbus 474, Bethlehem, 9700
Tel: 058 303 4116 / 5918
Faks: 058 303 4264
Epos: jordania@jordaniapri.co.za
www.jordaniaprimer.co.za



EERSTE WEEK VAN VOLGENDE KWARTAAL SE PROGRAM

Di, 1 Okt: Skool open 7:30
Wo, 2 Okt: Lentesokkie (Gr. 6 & 7)
o/9A Krieket
Do, 3 Okt: Beheerliggaamvergadering
o/11A Krieket
Vr, 4 Okt: Wêreld Onderwysersdag
Rapporte gaan uit
o/13B Graanveld Kriekettoernooi
Sat, 5 Okt: o/13B Graanveld Kriekettoernooi

Klerebank tye

Dinsdae, Woensdae en Donderdae
7:30 – 8:30

BANKBESONDERHEDE

Jordania Primêre Skool
Standard Bank Harrismith
Takkode: 051001
Nommer: 042 117 453

4. Super 8 Hokkie

Tydens die Super 8 hokkietoernooi het ons 1ste dogterspan 1ste geëindig en ons 1ste span seuns 2de. Gesamentlik is hulle as Super 8 wenners gekroon. Die dogters het veral skoonskip gemaak deur 17 doele aan te teken en nie een doel af te staan nie. Baie geluk. Ons ontvang ook die volgende toekennings:

- Demaine van Deventer: Beste dogterspeler van die toernooi
- Hanzelle Hattingh en Suné Spershott: Meeste doele dogters (gelyk)
- Tiaan Jordaan: Meeste doele seuns
- Janco Jooste: Beste seuns doelwagter

Hierdie naweek vind die Kampioen van Kampioene toernooi te Potchefstroom plaas, waar net die beste spanne van die verskillende provinsies teen mekaar speel. Baie sterkte.

100% Jorries

5. Toere en toernooie tydens die vakansie

Die volgende toere en toernooie vind plaas tydens die vakansie:

- o/13A Seuns en Dogters Champs toernooi (Potchefstroom)
- o/11 en o/13 Vrystaat Seuns Kriekettoernooi (Bloemfontein)
- o/13B Senekal Kriekettoernooi
- Voortrekker Kamp te Doornkloof

Baie sterkte aan al die leerders en personeel wat die vakansie met aktiwiteite besig gaan wees. Baie dankie ook vir almal se tyd en opoffering.

6. Hokkie ligawenners

Die volgende spanne is as ligawenners gekroon:
Dogters: 1ste span en 3de span, 4de span gesamentlike wenners met TKS
Seuns: 1ste span en 2de span, 3de span gesamentlike wenners met TKS
Baie geluk aan al die spanne wat goed gevaar het deur die seisoen.

7. Krieketliga

Die eerste rondte krieket ligawedstryde is die week gespeel: Uitslae was:

- o/9B teen Vrede o/9A **wen** met 54 lopies
- o/9C teen Clocolan o/9A **wen** met 108 lopies
- o/13C teen Vrede o/13A verloor met lopies 46 lopies

8. Kleredrag

Vanaf die 4de kwartaal moet alle leerders somer skoolklere dra. Onthou asb. dat slegs Graad R-5 leerders kaalvoet skool toe mag kom. Ons versoek ouers asb. om seker te maak dat leerders elke dag netjies en reg geklee skool toe sal kom. Baie dankie vir almal se samewerking in hierdie verband.

9. Buite aktiwiteite

A+ Students: Die volgende leerders het baie goed gevaar in hul onderskeie afdelings tydens die nasionale kompetisie: AJ Olivier (Brons); Liam Harrington (Goud); Nico Oosthuizen (Brons); Zian Truter (Brons); Xander Harrington (Brons); Carli Olivier (Goud); Cara-Sue van der Merwe (Brons). Baie geluk!

10. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 29 September: Juanita Haasbroek

11. Skoolfonds vir 2024

Maak asb. seker dat u kind se skoolfonds tot op datum vereffen is. Die jaarlikse bedrag beloop R14 000 (Graad 1-7) en R14 500 (Graad R). Kontak Alta met navrae.

Geniet die vakansie


Save The Date
Jordania Kultuuraand
DISNEY AND DENIMS
WOENDSAG 9 OKTOBER 2024
KAARTJIES BINNEKORT BESKIKBAAR BY KANTOOR

OppiSTAGE

Verbeel jou jy stap op die verhoog, vol selfvertroue... Slaggereed, met die wêred aan jou voete!

Ons drama-ateljee bied n **moderne kreatiewe** ruimte vir leerders van alle ouderdomme!

By OppiStage leer ons om harte oop te maak, om dapper te wees en om pret te hê terwyl ons dit doen! Het jy groot drome? Of wil jy net kom speel? Hier is plek vir almal!

Mieke 073 043 0902

Anke 083 384 5797

Ons bied ook **hoë gehalte** afrigting vir:

- ATKV Redenaars
- Kunswedstryd
- Talentkompetisies

Moenie te lank wag nie!

Kom wees deel van die MAGIC!

Inskrywings NOU oop vir 2025

Hier beweeg ons, dans ons, praat ons!